BRAND BESKERMING VERENIGING VAN **POTCHEFSTROOM**

WAT ELKE GROND EIENAAR MOET WEET

Dr Kobus Roux

www.potchfpa.co.za

copyright@kobusroux2012

BELANGRIKE REELS EN REGULASIES AS U BINNE DIE GRENSE VAN POTCHEFSTROOM WOON

1. Die brand gevaar tyd in Potchefstroom strek van **1 Junie tot 31 Oktober**
2. Alle voorbrande **MOET** teen **1 Junie** in plek wees of soos deur die Brandweer hoof bepaal mag word.
3. U mag daarna per permit aansoek doen vir die maak van voor brand maar slegs met die toestemming van die brandweer hoof of sy gedelegeerde vir elke dag van brand.
4. **Geen asgate** mag van 1 Mei tot 31 Oktober gebrand word sonder vooraf inspeksie en toestemming van u gebiedshoof nie.
5. **Sou u ’n voorbrand wil maak MOET u toestemming daarvoor kry op ’n daaglikse basis deur die brandweer se beheerkamer te skakel en ’n “Bravo”nommer te kry.Tel.: 018-299 5347 / 018 293 2680 / 018 293 2867 Daarsonder gaan u ’n stewige boete op die lyf loop.**
6. Sedert 2013 word ’n rekening deur die Potchefstroom brandweer aan alle grond eienaars gestuur vir dienste gelewer wat aan u munisipale rekening gekoppel is. As u ’n lid is van die PBBV en u voorbereiding is in plek sal die rekening gekanselleer word deur die PBBV.
7. Indien u enige vrae het skakel asb die PBBV kantoor en / of u gebiedshoof vir duidelikheid rondom enige aangeleentheid.
8. Wees eerder ingelig en deel van die span as wat u nalatig is en ’n finansiële terugslag beleef.

AS OPBETAALDE LID BIED ONS DIE VOLGENDE GRATIS AAN U, OM ‘N PAAR TE NOEM

1. Die grootste voordeel om aan die BBV te behoort is die feit dat sou daar ñ brand op u eiendom ontstaan, u as onskuldig beskou word aan nalatigheid/brand stigting tot die teendeel bewys kan word.
Sou u nie aan die BBV behoort nie word u as skuldig geag aan nalatigheid/brand stigting totdat u die teendeel in ñ hof kan bewys. **(Wet 101 van 1998)**
2. Meeste **versekering instansies** vereis lidmaatskap aan ‘n bbv. Ons reik aan U ‘n sertifikaat uit vir die doeleindes.
3. **Weersomstandighede** word op ‘n daaglikse basis met al ons lede kommunikeer via whatsup.
4. U kan uself vergewis dat die gemeenskap wat lede **is u sal kom** help as ñ brand op u eiendom ontstaan of as u in die spervuur is van ñ aankomende brand.
5. Die Potch BBV besit tans **122 bakkie vuurvegters** in die Potchefstroom gebied wat versprei is by lede om te help om U eiendom te beskerm.
6. Ons **twee rigting radio netwerk**, werk uitstekend. Die Potch BBV betaal U “acasa” lisensie geld namens U om kanaal 2-8 op Midband te mag gebruik.
7. Sou die brandweer dienste ontbied word (deur enige persoon) is ñ nie-lid verantwoordelik vir die koste aan die plaaslike owerheid. U as lid, se rekening sal teen ñ **nul koers gehef word**. (Lidmaatskap word geverifieer)
8. Die “**working on fire**” spanne wat in Potchefstroom opereer sal u kosteloos kom help met brand bestryding asook die maak van voorbrande op u eiendom. U is egter verantwoordelik vir die transport van die span teen R19.52/km btw ingesluit.
9. U sal voordeel trek uit die PBBV se **vermoë om aan u bystand te lewer** in nood situasies, het sy dit ñ brand of enige ander vorm van nood is wat u mag beleef.
10. Die Potch BBV speel ‘n uiters belangrike rol met ander rolspelers om U **veiligheid te help verseker**. (Agri NW, Sekuriteit firmas, ens)
11. Die PBBV beskik ook oor twee **nag sig kameras** (R52000.00) wat help met opspoor van verlore diere, mense ens.
12. Ons het ‘n “MOU”met **ER24 nood dienste** om ons lede en hul huisgesin gratis te help en die eerste 50km is ook gratis.
13. Ons koördineer die **kamera netwerk** om Potchefstroom vir U veiligheid en doen alle administrasie daarom, tans in die Koepel & RG3
14. Ons het aktiewe lede by “**Chaplains on Call**” om U by te staan tydens trauma.

verskillende handelsmerke is) doodgemaak en dan verwyder word.

Hoe groot moet die brandstrook wees?
Die Wet sê dit moet breed genoeg en lank genoeg wees om redelikerwys te voorkom dat ‘n brand bo-oor die strook kan versprei. In die BBV van Potchefstroom word ñ brandstrook van 3-6 meter vereis. Sien ons reels & regulasies.

VRAE OOR BRANDSTROKE

‘n Mens moet die plaaslike toestande, soos die weer, klimaat, terrein en plantegroei, in ag neem.
Die brandstrook moet ook “redelik vry wees” van brandbare materiaal wat dalk ‘n veldbrand oor die strook kan laat beweeg.

Moet al twee die bure langs hulle gemeenskaplike grens brandstroke maak?
Ja, elke eienaar is verplig om tussen sy grond en enige aangrensende grond ‘n brandstrook te maak.

Moet die brandstrook presies op die grens wees?
Nie noodwendig nie. Eienaars van aangrensende grond kan instem om ‘n gemeenskaplike brandstrook weg van die grens tussen hul eiendomme te maak.

Maar wat van omgewingsbewaring?
Die Wet sê die eienaar moet sorg dat die brandstrook nie gronderosie veroorsaak nie. As daar in die lyn van die brandstrook plante is wat deur ander wette beskerm word, geniet die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande voorrang bo daardie ander wette en die brandstrook moet ongeag die bepalings van daardie wette gemaak word.
Daar is egter ‘n vereiste dat die eienaar “waar moontlik” enige beskermde plante moet oorplant of, waar dit veilig en doenlik is, kan die brandstrook so gemaak word dat dit die beskermde plante of bome vermy.

Moet die buur eienaar betrokke wees as ‘n brandstrook gebrand word?
Ja, die Wet het ‘n hele aantal voorskrifte hieroor. As daar ‘n strook aan die grens van die grond gebrand word, moet die bure vooraf ‘n dag afspreek; so nie moet die een buur eienaar die ander een minstens veertien (14) dae vooraf skriftelik kennis gee.
Al twee eienaars kan dan hul brandstroke op dieselfde tyd brand, maar hulle mag glad nie brand as die toestande op die betrokke tyd nie bevorderlik is vir die brand van brandstroke nie, of as daar ‘n brandrisiko bestaan.
As een eienaar brand en die ander een nie, moet die ander een teenwoordig wees (persoonlik of verteenwoordig deur ‘n agent) en moet hy sorg dat hy genoeg mense aan sy kant van die grens het om te keer dat die brand versprei.

Wat word bedoel met die instandhouding van brandstroke?
Dit beteken dat die brandstrook effektief moet bly om te keer dat ‘n veldbrand daaroor versprei. As ‘n brandstrook begin toegroei, moet dit weer skoongemaak of skoongebrand word.

Die Wet sê die brandstrook moet “redelik vry wees van brandbare materiaal wat ‘n

- as ‘n persoon met ‘n vuur gemoeid is wat versprei en skade aanrig;
- as ‘n persoon in die ope lug met ‘n vuurhoutjie (wat hy/sy byvoorbeeld laat val) of ander brandende materiaal ‘n brand veroorsaak wat versprei en besering of skade meebring;
- as ‘n persoon in ‘n padreserwe ‘n vuur aansteek, gebruik of aan die gang hou behalwe by ‘n aangeduide vuurmaakplek of vir die maak van ‘n brandstrook;
- as ‘n persoon in die ope lug rook waar rook verbode is.

Hierdie misdrywe is strafbaar met ‘n boete of tronkstraf, of albei.

Hoe word die nalatigheid van ‘n boer of sy werknemers regtens omskryf?
Kragtens ons gemene reg sal ‘n persoon aanspreeklik wees, weens nalatigheid indien:

- ‘n Redelike persoon in daardie boer/werknemer se posisie die redelike moontlikheid sou voorsien het dat sy optrede of nalatigheid skade aan iemand anders kan veroorsaak;
- Daardie redelike persoon redelike stappe sou kon geneem het om sulke skade te verhoed; en
- Die betrokke boer/werknemer versuim het om sulke redelike stappe te neem.

VRAE OOR AANSPREEKLIKHEID

Twee bure, waarvan slegs een aan ‘n Brandbeskermingsvereniging behoort ondervind ‘n weghol brand wat verder vanaf hulle plase versprei na ander plase. Hoe verskil hul posisies?
Artikel 34 van die Wet bepaal dat indien ‘n persoon in ‘n siviele eis aangespreek word vir skade weens nalatigheid as gevolg van ‘n veldbrand wat:
(a) deur die verweerder (persoon wat gedagvaar word) veroorsaak is; of
(b) begin het of versprei het van grond wat deur die verweerder besit word, en daar ‘n vermoede van nalatigheid teen hom sal geld indien hy nie lid is van ‘n Brandbeskermingsvereniging in die gebied waar die brand voorgekom het nie. Dit beteken dat daar ‘n omgekeerde bewyslas in die hof sal wees, in die sin dat die persoon wat aanspreeklik gehou word (gedagvaar word) die bewyslas sal dra om sy onskuld te bewys, hetsy ten aansien van die stigting van die brand, hetsy ten aansien van die verspreiding daarvan vanaf sy plaas na die eiser se plaas. Hierdie omgekeerde bewyslas (vermoede van nalatigheid) geld slegs indien die Verweerder ***nie ‘n lid van ‘n plaaslike Brandbeskermingsvereniging is nie.*** *Indien hy wel ‘n lid van so ‘n vereniging is sal die eiser die bewyslas dra om nalatigheid aan die Verweerder se kant te bewys, hetsy ten aansien van die stigting van die brand, hetsy ten aansien van die verspreiding daarvan na ander plase. Op hierdie wyse word boere dus aangemoedig om by plaaslike Brandbeskermingsverenigings aan te sluit.*

Hoe werk brandwaarskuwings?
Alle artikels en hoofstukke van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande is nog nie volledig in werking gestel nie en raak aspekte van die brandgevaaraanslagstelsel, die Brandbeheerbeamptes en finansiële aspekte van ‘n Brandbeskermingsvereniging.

bestry. Volle brandweeruitrusting, met baadjies, helms, rookmaskers en al is duur, en daar kan sekerlik nie redelikerwys verwag word dat elke boer ‘n brandweerbrigade moet toerus nie.
Miskien moet ‘n mens weer kyk na die plaaslike omstandighede. Dalk kan redelike beskermende klere bestaan uit skoene of stewels, handskoene, oorbaadjies, plastiek helms en nywerheidsneusfilters? Daar is in die handel 2 stuk oorpakke beskikbaar met ñ ingeweefde asbes stof wat goed hitte bestand is teen ongeveer R500-00.

Moet ‘n grondeienaar ‘n sekere aantal werkers stuur om ‘n brand te bestry?
Daar moet personeel beskikbaar wees om brande te bestry. Daar word nie getalle genoem nie, maar die Wet bepaal “sodanige opgeleide personeel as wat redelikerwys in die omstandighede nodig is”. Die soort opleiding word ook nie uitgespel nie.
Ons is van oordeel dat die boer redelike voorsorg moet tref. Sy werkers, al is daar net ‘n paar, moet vaardig wees om te kan help as daar ‘n veldbrand is. Iemand moet byvoorbeeld ‘n spuitpomp kan hanteer, of ‘n baan kan oopstoot met ‘n stootskraper – dit hang alles af van die bepaalde omstandighede op die plaas. Opleiding word in Potchefstroom aan plaaswerkers verskaf.

Wat moet jy doen as ‘n brand ontdek word wat gevaar kan inhou?
Jy moet alles in jou vermoë doen om te keer dat die brand versprei. Trouens, jy moet alles in jou vermoë doen om die brand te blus. U is verplig om die eienaars van aangrensende grond dadelik in kennis te stel van die brand wat woed.
As ‘n eienaar of ‘n persoon in beheer van grond nie redelike stappe doen om die brand te blus of te beperk nie, kan hy aan ‘n misdryf skuldig bevind word – dis nou afgesien van al die moontlike eise om skadevergoeding.

Maar wat as die eienaar afwesig is en ‘n brand ontstaan?
As die eienaar afwesig is moet hy sorg dat daar in sy afwesigheid wel verantwoordelike persone is wat, in geval van ‘n brand, die brand sal bestry en die eienaars van aangrensende grond sal laat weet.
As daar ‘n brand is, kan jy private grond betree?
Ja, as jy meen dat ‘n brand op enige grond gevaarlik is en lewens, eiendom of die omgewing kan bedreig, kan jy (en jou werkers) daardie grond betree om die brand te gaan bestry of te blus.

As jy op ander grond ‘n brand bestry en daar ontstaan skade, kan daardie eienaar van jou eis?
Die Wet sê dat jy in die proses van brandbestryding, enige grond mag betree, enige bome, gras, oesgewasse of ander plantegroei mag vernietig, by enige perseel mag inbreek, of enige voertuig of ander implemente mag verwyder, in die uitvoering van jou brandbestrydingspligte.

Wat sê die Wet oor die aansteek van vure?
Die Wet praat van ‘n “vuur aansteek, of gebruik, of aan die gang hou”, en dit gaan dus om ‘n persoon wat gemoeid is met vuur, al het hy nie self die vuur begin nie.
Dit is ‘n misdryf:
- as ‘n persoon ‘n vuur in die ope lug alleen laat voordat dit geblus is;

Wie besluit of ‘n eienaar ‘n brandstrook moet maak?
Die Wet bepaal dat alle eienaars (insluitend huurders) op wie se grond ‘n veldbrand mag plaasvind of versprei, brandstroke moet maak.
Kragtens die Wet kan die Minister (bedoelende die Departement van Waterwese en Bosbou) ook in die toekoms gebiede afkondig waar dit verpligtend sal wees om brandstroke te maak.

Wie moet kennis dra van my voorbrande?
24 uur voor u brand moet jy jou plaaslike Bbv beampte kontak met die versoek om te brand in Potchefstroom. Dit sal dan op die radio netwerk deur gegee word sodat almal nie jaag as hulle rook sien nie. Die plaaslike brandweer moet die oggend voor u brand, kontak word waar daar aan u goedkeuring/ afkeuring gegee gaan word afhangende van die dag se brand indeks (sien brandgevaar indeks). Nadat u die dag klaar gebrand het moet die eindtyd weer by die brandweer aanmeld sodat almal bewus is dat u klaar is.

Is daar enige uitsondering moontlik?
Ja, as daar goeie redes is, kan die Minister enige eienaar of groep eienaars vrystel van die plig om brandstroke te maak. Daar kan ook spesiale voorwaardes gestel word vir so ‘n vrystelling. Die Brandbeskermingsverenigings kan ook aansoek doen om vrystelling van die maak van brandstroke in sekere areas van die land.

Die Wet sê eienaars moet toerusting hê om brande te bestry. Watter toerusting?
Dit word nie uitgespel nie. Die Wet sê toerusting wat redelikerwys in die omstandighede nodig is. ‘n Mens moet dus kyk na jou eie plaaslike toestande. Wat is redelik?
- ‘n Klomp brand slaan plakke.
- ‘n Sleepwaentjie met ‘n watertenk wat agter ‘n trekker of bakkie gehaak kan word?
- Vuurvegter bakkie eenheid of sleeptipe.

Daar kan natuurlik in die toekoms regulasies afgekondig word wat spesifiseer watter toerusting die grondeienaar moet hê. Soos die Wet egter nou daarna uitsien moet ‘n mens self besluit watter toerusting redelik nodig is om ‘n veldbrand te bestry.

Moet alle eienaars toerusting hê vir brandbestryding?
Nee, net eienaars op wie se grond ‘n veldbrand kan ontstaan of kan brand, of waarvandaan die veldbrand elders heen kan versprei. In die praktyk sal dit bykans alle grondeienaars insluit.

VRAE OOR BRANDBESTRYDING

Wat word bedoel met “beskermende klere”?
Dit word nie uitgespel nie. Die Wet sê die grondeienaar moet beskermende klere “wat redelikerwys in die omstandighede nodig is” hê vir sy personeel wat brand moet

Die brandgevaaraanslagstelsel raak die identifisering van sekere areas wat ‘n groter brandgevaarrisiko inhou as ander en hoe die brandgevaar gemeet en waarskuwings gepubliseer moet word.

Hoe sal daar te werk gegaan word om ‘n grondslag vir ‘n brandgevaaraanslagstelsel te kies?
‘n Brandgevaaraanslagstelsel is gegrond op ‘n stel formules of modelle en ‘n indekswaarde wat heersende of verwagte vlakke van brandgevaar kan bepaal en bereken.

VRAE OOR BRANDGEVAARSTREKE

Die indekswaardes sal regoor die land verskil, maar moet toepaslik bly vir elk van die brandgevaarstreke. Die Departement van Waterwese en Bosbou was ten tye van die druk van die publikasie, besig om indekswaardes vir elke streek te kies.
Watter kenmerke sal die brandgevaarstreke in die land hê?
Die Wet vereis van die Minister om die hele land in brandgevaarstreke te verdeel. Die brandgevaargradering vir elke streek moet die unieke kenmerke en klimaat van die streek in ag neem, soos byvoorbeeld:

- Topografie
- Soort plantegroei
- Seisoenale-klimatiese siklus
- Tipiese weersomstandighede
- Onlangse weersomstandighede
- Heersende weersomstandighede
- Voorspelde weersomstandighede
- Enige ander toepaslike aspekte

Met dank aan Mutual & Federal Agri

Brandbeskermingsvereniging gevorm is;

- Die reëls van die vereniging afdwing;
- Die nakoming van hierdie Wet monitor en daaroor verslag doen aan die

Vereniging en die Minister;

- Lede oplei ingevolge die Wet;
- Die lede se grond inspekteer om te verseker dat hulle hul pligte ingevolge die

Wet en die reëls van die Brandbeskermingsvereniging nakom.

Indien die Brandbeskermingsbeampte nie tydens ‘n veldbrand beskikbaar is nie en daar moet besluite geneem word, wie neem dan leiding?
Die Brandbeskermingsvereniging bestaan uit ñ bestuur met voor- en vise voorsitter wat in die afwesigheid van die brandbeskermings beampte die toneel oorneem. Die brandbeskermings beampte is gewoonlik die plaaslike brandweer hoof of enige gedelegeerde uit die vereniging wat die nodige kennis het.

Moet elkeen ‘n brandstrook maak?
As daar op jou grond ‘n brand kan ontstaan, of as ‘n brand van jou grond af kan versprei, moet die eienaar van die grond ‘n brandstrook aan die grense van die grond maak en onderhou.
Die Brandbeskermingsverenigings het egter die reg om volgens hul eie goeddunke, op ‘n erkende of konstitusionele vergadering, te kan besluit of hul brandstroke in hul omgewings wil hê, al dan nie. Die besluit is onderhewig aan ‘n aansoek deur die Brandbeskermingsvereniging aan die Minister.

Maar as die eienaar nie teenwoordig is nie en die grond word verhuur?
Die woord “eienaar” beteken ook die huurder of enige ander persoon wat die grond beheer. Die huurder of die persoon in beheer van die grond moet dus die brandstrook maak en onderhou.

Hoe moet die brandstrook lyk?
‘n Brandstrook kan skoongebrand word, of skoongeskoffel of geploeg word, of die gras en plantegroei kan met ‘n chemiese middel (soos Roundup, waarvan daar dit ‘n veldbrand kan verhinder om oor die strook te beweeg”.

INLEIDING:
Elke boer of grondeienaar het nou ‘n groter verpligting om veldbrande te voorkom en te bestry as ooit tevore.

Die verpligtinge word uiteengesit in die Nasionale Wet op Veld- en Bos brande nommer 101 van 1998 (“Die Wet”).
Die doel van hierdie Wet is om veld-, bos- en berg brande dwarsdeur die Republiek te voorkom en te bestry. Die Wet maak voorsiening vir ‘n verskeidenheid instellings, metodes en praktyke om hierdie doel te bereik.
Oortredings van die Wet kan jou ‘n swaar boete of selfs tronkstraf kos.
Hier volg ‘n paar vrae wat boere en grondeienaars gereeld vra.

Wat is ‘n Brandbeskermings vereniging (BBV)?
Hierdie is ‘n vereniging wat deur grondeienaars gevorm kan word met die doel om moontlike veldbrande te voorspel, te voorkom, te bestuur en te blus.

Is lidmaatskap van ‘n BBV verpligtend?
Met die uitsondering van Munisipaliteite en die Staat, is lidmaatskap van die verenigings vrywillig. Munisipaliteite en die Staat moet toesien dat hierdie verenigings in hul gebiede volgens die Wet gestig en onderhou word.

Hoe kan jy lid word van ‘n BBV?
Bestudeer gerus die Wet wat die nodige stappe uitspel. Maak ook kontak met jou plaaslike Brand Beskermings Vereniging of skakel die plaaslike brandweer vir meer besonderhede.

Wat is die pligte van ‘n BBV?
‘n Brandbeskermingsvereniging moet ‘n veldbrand bestuur strategie ontwikkel en toepas, strategieë en aksies met aangrensende Brandbeskermingsverenigings koördineer, reëls maak vir lede, die opleiding van lede ten aansien van die bestryding van brande organiseer en brande bestuur en voorkom.

VRAE OOR BRANDBESKERMINGSVERENIGINGS

Waar bestaan daar reeds BBV’s?
Geregistreerde Brandbeskermingsverenigings word tans letterlik nog by die dag gestig. Verskeie bestaan reeds waarvan ‘n lys vanaf die Departement van Waterwese en Bosbou beskikbaar is. Potchefstroom se vereniging bestaan reeds sedert 2005.

Wie staan in beheer van ‘n BBV?
Elke Brandbeskermingsvereniging sal ‘n Brandbeskermingsbeampte aanstel, wat die funksie van ‘n Hoofuitvoerende Beampte moet verrig en ook die volgende moet doen:
- Die take uitvoer wat deur die Brandbeskermingsvereniging aan hom/haar opgedra word;
- Beheer oorneem van enige brandbestryding in die gebied waarvoor die

BELANGRIKE TELEFOON NOMMERS

NOOD NOMMER	***018 293 1111/2***
Potchefstroom brandweer beheerkamer	018-299 5347
Potchefstroom brandweer ontvangs	018-299 5343
Potchefstroom polisie beheerkamer	018-299 7476/7
Brand Beskermings Beampte Tirro Swartz	083 236 0483

BRANDBESKERMINGS VERENIGING

PBBV Kantoor		067 375 0901
Voorsitter	Dr Kobus Roux	079 774 4334
Vise voorsitter	Mnr. Hein Fourie	079 447 7334
Kommunikasie	Mnr. T. Van Niekerk	082 445 6750
Gebiedshoof 1	Mnr. P. Nell	083 297 9167
Gebiedshoof 2	Mnr. M Deacon	072 672 5659
Gebiedshoof 3	Mev. N. Bierman	072 896 8304
Gebiedshoof 4	Mnr.	
Gebiedshoof 5	Mnr. J. Pienaar	082 328 8064
Gebiedshoof 6	Mnr. S. vd Wat	083 284 6392
Gebiedshoof 7	Mnr. A. Pretorius	082 598 0559
Administrasie	Me. Jeanetta Vermaak	076 631 8115
Tesourie	Me. M. Reynecke	082 880 7657

E-POS admin@potchfpa.co.za

FAKS 086 502 4657

WEB TUISTE www.potchfpa.co.za

KANTOOR URE Maandag tot Vrydag 8H00-13H00 te OBARO gebou. (Regoor Potch Gevangenis)